Sing vooraf: Psalm 147:5 (p. 707)

5 Laat nou jou stem, o Salem, rys! / O Sion, wil die HERE prys!
Hy dek jou dig vir slag en stoot, / versterk jou poorte teen die dood.
Hy seen jou kinders met jou mee / as Hy jou land die vrede gee.
Hy laat jou akkers wuiwend staan / en voed jou met die beste graan.

Ons begin hierdie ontmoeting met God deur openlik teenoor mekaar en teenoor God te verklaar:

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 19:1, 3 (p. 82)

1 Die hoë hemelrond / vertel met blye mond / Gods heerlikheid en eer,
en, wonderbaar deurglans, / vermeld die wye trans / die werke van die HEER.
Die dag roep orals luid / en duisendstemmig uit / dié loffelike sprake;
die nag se stille stap / meld kunde en wetenskap / deur al sy donker wake.

3 Hy 't in die wonderbou / van eewge hemelblou / die son se tent gestig.
Dié 's soos 'n bruidegom / wat uit sy slaaptent kom / met glansende gesig.
Hy wandel soos 'n held / blymoedig in die veld / van hoë hemeltranse,
en het sy swaai en spoor / die ganse wêreld oor / wat blink van gloed en glanse.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Na die wet sing ons Psalm 45:9 (p. 232).

Wet

Psalm 45:9 (p. 232)

9 O dogter, wat die bruidsroep hoor, / o skoonste, luister, neig jou oor!
Vergeet jou volk, jou eie vlees, / dat jy die Koningsbruid kan wees.

Gebed

- *Doksologie:*
- *Aanbidding:*
- *Skuldbelydenis:*
- *Vergifnis:*
- *Dank:*
- *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:*
- *Algemene bede:*
- *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*

Amen.

Skrifberyming 7-2:2 (nuut)

2 Ek, die Heer van here, / Koningskind van ere, / kom in krag met mag.
Ek, die ster van sterre, / skitterblink van verre: / "Einde van die nag!"
En die Gees en bruid roep uit: / "Jesus, Here, kom in ere! / Kom tog gou, o Here!"

Skriflesing: Efesiërs 5

Teks: Efesiërs 5:22-27

Vroue, wees aan julle eie mans onderdanig, soos aan die Here. Want die man is die hoof van die vrou, soos Christus ook Hoof is van die gemeente; en Hy is die Verlosser van die liggaam. Maar soos die gemeente aan Christus onderdanig is,

> **so moet die vroue dit ook in alles aan hul eie mans wees. Manne, julle moet jul eie vroue liefhê, soos Christus ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee het om dit te heilig, nadat Hy dit gereinig het met die waterbad deur die woord, sodat Hy die gemeente voor Hom kon stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks; maar dat dit heilig en sonder gebrek sou wees.** (Efesiërs 5:22-27 AFR1953)

'n Gemeente kan alleenlik ware kerk wees as hulle lewend aan die Here Jesus Christus verbind is.

- Ons kan alleen kerk van Jesus Christus wees as ons in volle gemeenskap met Hom leef;
- in volle toewyding aan God deur die lewe gaan; en
- as ons in die teken van versoening en wegneming van sondeskuld en sondeverdorwenheid met mekaar saamleef.

Hierdie Bybelgedeelte het dus 'n baie skerp tweesnydendheid in hom.

- Óf die kerk vertoon die ware bruidskap.
- Óf die kerk is glad nie die bruid – of latere vrou – van die Here Jesus Christus nie.

Dit gaan in hierdie gedeelte oor twee verhoudings:

- Eerstens gaan dit oor die verhouding tussen die gemeente en Jesus Christus.
- Tweedens gaan dit oor die verhouding tussen man en vrou in die huwelik.

Die twee word hier aan mekaar gekoppel omdat God die huwelik onder andere gebruik om die verhouding tussen die Here Jesus Christus en die kerk te simboliseer, maar veral ook te weerspieël.

Kom ons bekyk hierdie hele hoofstuk. Die hoofstuk het 'n vermanende karakter.

- Maar die vermaninge is nie so aangebied dat dit jou morbied maak nie.
    - Met ander woorde, dit is nie dodelike eise wat op jou toesak en jou in magteloosheid en verlorenheid begrawe nie.
- Al hierdie vermaninge stuur af op die heerlikheid van God.
- In almal is daar die belofte vervat dat ons in 'n verhouding met God self gaan eindig.
- Ons kry dit in ons teksvers in soveel woorde: **soos aan die Here**!

Die Here wil graag hê dat elke gemeente sekere eienskappe moet dra.

- Hy wil hê dat elke gemeente in liefde moet leef.
- Veral reinheid moet 'n wesenskenmerk wees van die kerk – en vanselfsprekend dan ook van elke gemeentelid.
- Daar moet erns wees.
- Selfsug en aardse gesindheid moet uitgeroei word.
- Elke gemeente moet so vorder in sy heilig wees, dat hy spontaan ingaan teen alle verkeerdheid in die wêreld.

U let dus daarop dat hierdie hoofstuk nie eintlik gaan oor individuele mense – soos die man en die vrou – nie.

- Dit gaan oor die gemeente en hulle verhouding met die Here.
- Dit gaan ook oor diep geestelike dinge wat die gewete raak, en wat die gemeentelede opskerp om van hulle sielstompheid ontslae te raak.
- *Want die Here wil juis hê dat hierdie vermaninge 'n gevolg moet hê, naamlik dat die gemeente geestelik bekwaam raak en dat hulle gewete teer raak en dat hulle oordeel oor sedelike sake al hoe helderder word.*

Elke gelowige moet dus kom tot op ’n punt waar hy ’n diepgaande begrip het van die verborgenhede van die evangelie.

- Omdat hierdie dinge so verskriklik moeilik is, begin die Here dan hierdie uiters diep en geestelike sake demonstreer met sake wat vir ons baie goed bekend is – ’n huweliksverhouding.
- Prakties praat die Here van ’n vrou wat aan haar eie man onderdanig moet wees.

Die eerste beginsel hier is dat daar van besitreg sprake is.

- Die gemeente word deur die Here Jesus Christus besit.
- Vers 23 stel die feit wat van die skepping af geld – die onderlinge verhouding tussen ons en God is dat Christus die Hoof is van die gemeente.

Hy is die Verlosser van die liggaam.

- Maar nou stel die Here die verhouding tussen man en vrou op dieselfde vlak.
- Hulle is lewenslank deur God verbind, soos wat ’n hoof en ’n liggaam verbind is.

Maar nou staan hier ook iets uit. Die Here Jesus is die Verlosser van die liggaam.

- Hy gebruik sy gesag tot voortbestaan van sy gemeente.
- Dit bring ons by ’n verdere beginsel, wat dan ook weer in ons doodgewone huwelike na vore moet kom:
    - Die man moet al sy kragte aanwend tot verlossing van sy vrou.
    - Haar verlossing in Christus moet deur hom daarin erken en beveilig word, dat die hele bestuur van sy huis aan haar die vryheid van aanbidding gee. Maar dan veral só dat dit sal sorg dat sy wel bid en glo.

Vers 24 motiveer dit nou weer mooi: die vrou moet aan haar man onderdanig wees soos die gemeente aan Christus onderdanig is.

- Dit gaan nie hier oor oorheersing nie.
- Dit gaan oor saligheid.
- Die gemeente is aan die Here Jesus Christus onderdanig omdat Hy vir hulle sondes gesterf het, en hulle vrygekoop het, en nou aan hulle die ewige lewe skenk.
- Hulle bewys hierdie daad deur hulle gehoorsaam aan Hom te onderwerp.

Saam met die verpligting is daar ook ’n belofte:

- Die woorde **soos aan die Here** veronderstel dat daar ’n verhouding met God is!
- En dit is so! Die verhouding met die Here bring ons by die hiernamaals, waar God ons in sy koninkryk inneem en ons daar versorg.

Omdat die saak so teer en delikaat is, vermaan die Here die gemeente weereens.

- Moenie sondige streke uithaal nie.
- Die Here noem hier die vrou, maar Hy praat van sy kerk! Die kerk is soos Eva – die kerk sukkel om onderdanig te wees.
- Die kerk is van die begin af geneig om die grense wat die Here trek, te oorskry en te gaan beweeg waar God haar nie wil hê nie. Ons lees dit in 1 Timoteus 2:14:

  En Adam is nie verlei nie, maar die vrou het haar laat verlei, en het in oortreding gekom.

Die waarskuwing is klokhelder aan elke gelowige.

- Sekere gebiede is God s’n.
- Hy beslis en Hy eis, en geen gemeente het die reg om aan God se eise te torring nie, want dan onderwerp ons ons nie aan die gesag van God nie.

Maar die man het ook ’n probleem. Dit is waar dat hy die beeld is van die Here, maar hy is ook beeld van die kerk omdat hy ’n mens is.

- Dis vir ’n man dikwels ’n groter probleem om aan te hou liefhê, as wat dit was om te begin liefkry.
- Dis ook die kerk van die Here se kwaal. Ons kan nie aanhou om die Here met ’n warm hart lief te hê nie.

Daarom kom die Here met die opdrag dat die man sy vrou moet liefhê soos wat Christus die gemeente liefhet.

- Nou wat het Christus vir die gemeente gedoen?
- Hy het Homself oorgegee om al die gemeente se skuld te dra.
- Hy het die gemeente se skuld gaan regmaak en die smet daarvan op sy skouers gaan neem.

Dis ook die bedoeling van vers 27:

- Die Here Jesus Christus het al die moeite gedoen dat die gemeente sy bruid kan wees.
- Hy het ons geheilig en verheerlik, sodat ons in sy heiligdom mag ingaan.
- Hier staan dat Hy ons sonder vlek of rimpel gemaak het.

Dit moet in ons geloofslewe teenoor die Here uitkom, maar ook weer in ons geloofslewe saam met mekaar (soos in ons huwelikslewe!). Ons moet mekaar so heilig dat daar niks kan wees wat ons versiering in Christus kan besoedel nie.

Die gemeente mag nie kort raak aan liefdesbetoon aan die Here en teenoor mekaar nie, dan staan ons skuldig!

Wat sê die Bybelgedeelte aan ons gemeente?

- Dat ons in ons huweliksverhoudings en in ons kerkverhoudings in gemeenskap met God moet leef.
- Dat ons die liefde met Christus en met mekaar moet vars hou en verkwik.
- Dat ons mekaar moet beskerm en mekaar se welstand moet bevorder.

Dat ons in die gemeente dieselfde eenheid met mekaar en met Christus moet vertoon as wat ons in die huwelik voor God vertoon.

- In die huwelik word ons voor God een vlees – vers 31.
- In die gemeente word ons een met Christus – al is die geheimenis hiervan te groot om te kan begryp – vers 32.

Kom ons kom sit as die bruid aan die tafel van die Bruidegom. Ons hoor by Hom die versekering van sy liefde vir ons – en ons antwoord daarop met trou en gehoorsaamheid aan al sy bevele.

Amen.

Gebed

Psalm 48:5 (p. 245)

5 Laat Sions berg weerklink van vreug! / Laat Juda’s dogters hul verheug,
omdat Gods oordeel hul verbly het – / dié oordeel wat sy volk bevry het.
Aanskou die stad met skanse, / paleise, toringtranse –
hoedat hul pryk met nuwe prag. / En meld dit aan die jong geslag:
Die God is onse God, en Hy / sal tot die dood toe ons gelei.

Formulier

Af tafel toe: Psalm 23:2, 3 (p. 107)

2 En is ek soos ’n skaap in doodsgevare, / wat in die velde as ’n prooi van wolwe gaan,
en moet ek in die doodsdal, diep en donker, / van alle hulp ontbloot, in my alleenheid staan –
dan nog ken ek geen doodsvrees of verskrikking / omdat u staf my troos is en verkwikking.

3 U bring vir my die tafel in gereedheid, / my hoof druip olie en my beker vloei van wyn,
’n bron van goedheid stroom vir my gedurig; / dit is my gees ’n vreug, my vyande ’n pyn;
dit kroon my lewe met u welbehae; / en in u huis, daar bly ek al my dae.

Tydens Nagmaal: Psalm 116 (p. 569)

Psalm 118 (p. 575)

Slotgebed

Skrifberyming 18-3:8 (29:8)

8 Laat ons verheug wees en verblyd, / en gee aan God die heerlikheid!
Na leed wat ons gely het, / staan nou die bruilofsmaal gereed,
waarvoor die Lam se bruid haar kleed / van fynste stof berei het.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
GereformeerdeKerk Bellville
Datum: 18 Mei 2008 (oggend: Nagmaal)

Die man moet soos die Here Jesus bereid wees om sy vrou te heilig, deur haar oortredinge vir sy rekening te neem. Hy doen dit nie deur vir haar te sterf nie – dit kan net Christus alleen doen. Hy doen dit deur nie verbitterd te word nie. Deur aan te hou vergewe, en in die vergifnis die teerheid van die liefde te dra. Dis die positiewe. In Christus is dit natuurlik die doel waarheen ons leef, naamlik die verlossing, heiligmaking en die ewige lewe, omdat Hy al ons skulde gedra het.